Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## SEPTEMBER 2022

# RELIGIESTUDIES V2
# NASIENRIGLYN

**PUNTE: 150**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 13 bladsye.

## VRAAG 1

1.1 **Sentrale leringe van enige EEN religie, Christendom word as voorbeeld gebruik**

1.1.1 **Die aard van mensdom, met verwysing na gemeenskap en die individu**

- Christene glo dat mens na die beeld van God geskape is.
- Nadat Adam en Eva geskape is, het God hulle opdrag gegee om na die tuin van Eden en die skepping om te sien.
- As medeskeppers saam met God, is die mens God se verteenwoordigers op aarde.
- God het hulle aangestel om na sy eiendom, die wêreld om te sien.
- Hulle is verantwoordbaar aan God.

**LET WEL**: Ander relevante antwoorde moet krediet kry. (10)

1.1.2 **Die aard van lewe na die dood**

- Christene glo dat die mens geskep is om onsterflik te wees.
- Adam en Eva het egter God se opdrag verontagsaam.
- Die straf vir hierdie sonde was die dood van die mensdom.
- Selfs na veroordeling, het God steeds probeer om die mensdom van die bose en die dood te bevry.
- Christene verwag ŉ nuwe gemeenskap na die dood wat deur liefde, omgee en mededeelsaamheid gekenmerk sal wees.

**LET WEL**: Ander relevante antwoorde moet krediet kry. (10)

1.1.3 **Die aard van godheid**

- Christene glo in die bestaan van ŉ Opperwese en goddelike wese, naamlik God.
- God onthul Homself as drie persone:
    - God die Vader as Skepper van die heelal.
    - God die Seun as Redder en Verlosser van die mensdom.
    - En God die Heilige Gees as Berader van Christene.

**LET WEL**: Ander relevante antwoorde moet krediet kry. (10)

1.2 **Interne verskille in enige EEN religie**:

1.2.1 **Verskil in leringe**

**Voorbeeld 1: Islam**

- Islam word in twee hoofgroepe verdeel, naamlik die Soenni en die Sji'a-Islam.

**Soenni-Islam**
- Soenni verwys na die navolgelinge van Sunnah (voorbeeld) van die Profeet Mohammed.
- Die Hadith wat deur die metgeselle van die profeet vertel word, het gelyke waarde as die wat deur sy familielede vertel word.
- Die Soenni-sekte glo dat alle leerstellings wat in die Boek van Hadith vervat word, ewe belangrik is.
- Die Soenni's volg die leringe van geleerdes uit die 7de en 8ste eeue.
- Die Soenni's aanvaar nie dat ŉ kalief uitsluitlik uit die Profeet se familie moet kom nie.

**Sji'a-Islam**
- Sji'a beteken partydige of afsonderlike.
- Die Hadith wat deur die metgeselle van die profeet beskryf word, het minder betekenis as die wat deur sy familielede vertel word.
- Die Sji'a volg slegs die leerstellings en opinies van ŉ lewende geleerde.

**Voorbeeld 2: Christendom – drie takke**

Christendom het drie hooftakke: Katolieke, Oos-Ortodokse en Protestante (ook Afrika Geïnisieerde Kerke)

**Katolisisme**
- Die Katolieke Kerk glo dat hulle die oorspronklike kerk is.
- Hulle glo dat almal in sonde gebore is as gevolg van Adam en Eva se ongehoorsaamheid aan God.
- God bestaan uit drie persone: Vader, Seun en die Heilige Gees.
- Die Heilige Gees kom van die Vader en die Seun.

**Oosters-Ortodokse**
- Die Heilige Gees kom slegs van God die vader.
- Hulle glo dat hulle die kerk is wat reg gelei word.

**Protestantisme**
- Die Bybel het meer gesag as die Pous.
- Hulle leer dat geloof die weg tot verlossing is.
- Hulle leer dat verlossing ŉ geskenk is wat vrylik deur die werk van Jesus Christus gegee word.

**LET WEL**: Ander relevante antwoorde moet krediet kry. (10)

1.2.2 **Verskil in bestuur**

**Voorbeeld 1:**

**Soenni-Islam**

- Daar is geen geestelike leiers in Soenni-Islam nie.
- Enige Moslem kan op gemeenskaprade dien.
- Bestuur is gemeenskap gebaseer.
- Islam geleerdes (ulema) en gemeenskapslede (vrywilligers) dien op bestuursrade van moskees en madressa en skole.

**Sji'a-Islam**

- Sji'a Moslems eerbiedig die afstammelinge van die Profeet Mohammed en glo dat hulle die goddelike reg het om Moslems te lei.
- So ŉ leier word die Imam genoem.
- Die finale oordeel oor enige onsekerheid oor enige godsdienstige of politieke kwessies lê by die verteenwoordigers van die Imam.
- Beheer is in die hande van mollas (priesters) wat deur godsdienstige edik/dekreet regeer.

**Voorbeeld 2: Christendom**

**Katolisisme**

- Die hoof van die Katolieke kerk is die Pous.
- Die magsentrum van hierdie vertakking is in Rome.
- Die katolieke tak het baie ordes, naamlik monnike, nonne, priesters en kloostermonnike.
- Die katolieke tak word op gemeentevlak deur priesters bestuur/gelei, dekante deur diakens, bisdomme deur biskoppe en aartsbisdomme deur aartsbiskoppe.
- ŉ Kardinaal kan ŉ hele land of geografiese streek bestuur/lei.

**Oosters-Ortodokse**

- Hierdie vertakking word deur die priesters en biskoppe bestuur/gelei.
- Gesag in die kerk is in die hande van ŉ groep biskoppe.
- ŉ Bisdom is ŉ groep gemeentes onder die leierskap van ŉ biskop.

**Protestantisme**

- Die kerke word deur ingewyde predikante en biskoppe of verkose ouderlinge bestuur/gelei.
- Algehele gesag is deur ŉ hoër gesag soos ŉ sinode of algemeen gemeente met die biskop as voorsittende beampte.
- Sommige Protestante kerke is onafhanklik en nie aan enige hoër gesag as die gemeente verantwoordelik nie.

**LET WEL**: Ander relevante antwoorde moet krediet kry. (10)

**[50]**

## VRAAG 2

2.1 2.1.1 **Bespreek die oorsake van omgewingsvernietiging**

- Omgewingsvernietiging word veroorsaak deur onverantwoordelike gebruik van chemikalieë (plaagdoders en kunsmis)
- Dit word ook deur die oormatige verbranding van fossielbrandstowwe veroorsaak.
- Dit verhoog die hoeveelheid koolstofdioksied in die atmosfeer.
- Die oormatige toename in koolstofvrylatings deur fabrieke en vervoer lei tot die kweekhuis-effek/aardverwarming.
- Dit laat die temperatuur van die aarde se atmosfeer styg, wat tot klimaatsverandering lei.
- Dit word ook veroorsaak deur party menslike aktiwiteite soos die storting van afvalprodukte in oop areas (grondbesoedeling).
- Verkeerde landboumetodes beskadig ook die omgewing wat tot gronderosie lei.

**LET WEL**: Ander relevante antwoorde moet krediet kry. (12)

2.1.2 **Die impak van omgewingsvernietiging in die gemeenskap**

- Die weer en klimaat het verander (aardverwarming).
- Daar is meer dikwels storms, droogtes en vloede oor ons hele planeet.
- Verwoestyning neem toe, veral in Afrika.
- Dit lei tot voedseltekorte.
- Daar is ŉ gat in die osoonlaag en dit veroorsaak temperatuur-stygings.
- Meer mense sterf jaarliks as gevolg van siektes wat deur lugbesoedeling veroorsaak word.
- Siektes het ernstiger geword want ons liggame slaag nie daarin om by die steeds wisselende omgewing aan te pas nie.

**LET WEL**: Ander relevante antwoorde moet krediet kry. (12)

2.1.3 **Praktiese strategieë of stappe wat religieuse organisasies kan doen in die stryd teen omgewingsvernietiging**

- Hulle moet praktiese veldtogte teen omgewingsvernietiging organiseer, bv., waterversameling, hernubare energie, voedseltuine, ens.
- Hulle moet hulle volgelinge leer oor die belangrikheid van natuurbewaring.
- Godsdienstige leiers moet in regeringstrukture wat omgewingskwessies hanteer, verteenwoordig wees.
- Alle godsdienstige organisasies moet subkomitees hê wat natuurbewaring/omgewingsbeskerming bevorder.

**LET WEL**: Ander relevante antwoorde moet krediet kry. (12)

2.2 **Noem en verduidelik die hermeneutiese beginsels**

**Historiese konteks:**
- Dit beteken dat die geskrifte binne die konteks van die tyd en omstandighede waarin die teks geskryf is, verstaan moet word.

**Duidelikste betekenis/Betekenis van woorde:**
- Die betekenis wat die duidelikste (of die mees voor die handliggendste) vir die leser is, moet in ag geneem word.

**Plan, doel en konteks:**
- Die skryfplan of struktuur van die hele dokument moet in aanmerking geneem word.
- ʼn Uittreksel moet as deel van die geheel beskou word.
- Byvoorbeeld, is die geskrewe in die vorm van poësie of in die vorm van prosa.

**Betekenis van woorde:**
- Die betekenis van woorde verander dikwels met tyd en konteks.
- Vir die korrekte interpretasie moet die oorspronklike betekenis gebruik word.

**Figuurlike taal:**
- Figuurlike taal word wyd in sommige heilige tekste gebruik.
- Dit moet so geïdentifiseer word sodat dit nie letterlik vertolk word nie.
- Figuurlike taal vereis die toepassing van al die ander hermeneutiese beginsels, vir dit om korrek vertolk te word.

**Ander heilige tekste**
- Heilige tekste kan gebruik word om ander heilige tekste oor dieselfde onderwerp te vertolk.
- Dit is omdat daar ooreenstemming tussen die leringe van die religie en hul heilige tekste is.

**LET WEL**: Ander relevante antwoorde moet krediet kry. (14)

**[50]**

## VRAAG 3

3.1 3.1.1 **Inspirasie**

- Inspirasie verwys na die 'asemhaling' (mag, kennis) van ŉ buitengewone wese of mag.
- Bv. God wat ŉ mens oorneem en hom/haar met goddelike kennis inspireer.
- Die meeste boeke in die Bybel is geskryf deur mense wat goddelik deur die Heilige Gees geïnspireer is.
- Voorbeelde is Abraham, Moses, David, Profete en Apostels.
- Die inspirasie van hierdie figure word deur die kerk as direk en onmiddellik aanvaar.
- Daar word geglo dat hulle die boodskap van God ontvang het.
- Deur goddelike inspirasie het die profete die toekoms van die wêreld voorspel.
- Inspirasie deur die Heilige Gees word steeds gerespekteer in terme van leiding in die kerk.
- Die 'geïnspireerde leerstellings' vorm die fondasie van Christendom en is in die Bybel opgeneem.

**LET WEL**: Ander relevante antwoorde moet krediet kry. (8)

3.1.2 **Belangrikheid van heilige tekste**

- Geskrewe heilige tekste is meer vas/rigied as mondelingse teks.
- Heilige boeke is vaste maatstawwe om reg en verkeerd te meet.
- Heilige boeke bevat die geskiedenis van verskillende eras/tydperke van die verlede.
- Hulle weerspieël ook die tale en kulture van die vorige eras/tydperke.
- Heilige boeke dien as betroubare verwysingsbronne van die leringe en oortuigings van die religie.
- Heilige boeke dien as ŉ verenigde bron van religie.

(Enige relevante feite moet gekrediteer word.) (10)

3.2 3.2.1 **Sekulêre wêreldbeskouing en religieuse beskouing**

- ŉ Wêreldbeskouing is die manier hoe ons sin maak van die wêreld om ons.
- Daar is twee soorte wêreldbeskouings: religieuse wêreldbeskouing en sekulêre wêreldbeskouing.
- ŉ Religieuse wêreldbeskouing is die oortuiging dat die regering en moraliteit op religie gebaseer moet wees.
- ŉ Sekulêre wêreldbeskouing is die oortuiging dat die regering en moraliteit op menseregte gebaseer moet word en nie noodwendig op religie nie.

**LET WEL**: Ander relevante antwoorde moet krediet kry. (8)

3.3 3.3.1 **Ateïsme**

- Ateïste verwerp die oortuiging dat goddelike of bonatuurlike magte bestaan.
- Ateïste wend hulle dikwels na die wetenskap om die aard van die heelal te verduidelik, eerder as om op geloof staat te maak.
- Daar is verskillende grade van ateïsme.
- Sagte of neutrale ateïste verwerp nie aktief die bestaan van ŉ bonatuurlike wese nie.
- Sterk of positiewe ateïste glo daar is bewyse om hulle ateïstiese beskouings te ondersteun.
- In sommige gevalle verwerp sagte ateïste beide teïsme en sterk ateïsme.
- Dit is omdat hulle voel dat beide wêreldbeskouings afhang van bewyse om hul bewerings te staaf.

**LET WEL**: Ander relevante antwoorde moet krediet kry. (12)

3.3.2 **Sekulêre humanisme**

- Sekulêre humanisme glo dat die goddelike nie bestaan nie.
- Hulle verwerp godsdienstige oortuiging en die bestaan van die bonatuurlike.
- Soos ander vorm van humanisme, hou hulle ŉ gemeenskaplike oortuiging wat die hoogste belangrikheid aan menslike denke toeken.
- Die Raad van Sekulêre Humanisme lig die volgende in hulle leringe uit: ŉ Behoefte om oortuiging te toets: ŉ Oortuiging dat tradisies, ideologie en dogma deur elke individu opgeweeg en getoets moet word en nie deur geloof nie. Rede, bewyse.
- Wetenskaplike metode: ŉ Verbintenis tot die gebruik van kritieke redenering, feitelike bewyse en die wetenskaplike metode van ondersoek in die soeke na oplossings vir menslike probleme.
- Vervulling, groei en kreatiwiteit: ŉ Primêre bekommernis met vervulling, groei en kreatiwiteit
- Soek na waarheid: ŉ Konstante soeke na objektiewe waarheid.
- Etiek: ŉ Soeke na lewensvatbare individu, maatskaplike/sosiale en politieke beginsels van etiese gedrag.
- Geregtigheid en regverdigheid: ŉ Belangstelling in die versekering van geregtigheid en regverdigheid in die samelewing.
- Bou ŉ beter wêreld: ŉ Oortuiging dat rede, ŉ ope uitruiling van idees, welwillendheid en verdraagsaamheid gebruik kan word om ŉ beter wêreld te bou.

**LET WEL**: Ander relevante antwoorde moet krediet kry. (12)
**[50]**

**VRAAG 4**

4.1 4.1.1 **Bespreek die wetenskaplike verduidelik van hoe die heelal ontstaan het**

- Die teorie stel voor dat alle lewe uit primitiewe vorm ontwikkel/ontstaan het en aanhou om aan te pas en te ontwikkel.
- Die evolusieleer beweer dat mense saam met ape uit ŉ gemeenskaplike primaatvoorouer ontwikkel het.
- Spesies bevat ŉ groot verskeidenheid van klein verskille.
- In die oorlewingstryd sal beter aangepaste variasies voorkeur geniet, terwyl die wat nie liggaamlik geskik is nie, met moeite gaan oorleef.
- Die geld ook vir verandering by mense.
- In die stryd op oorlewing kan mense aanpas en geleidelik verander van ape na mense.
- Die proses van verandering en aanpassing gebeur oor ŉ lang tyd perk.
- Wetenskap bied geen verduideliking van die skepping as deel van ŉ goddelike plan nie.

**LET WEL**: Ander relevante antwoorde moet krediet kry. (10)

4.1.2 **Voorbeeld: Christendom**

- Eers het slegs die Skepper bestaan.
- Die Skepper is manlik.
- Die Skepper het die heelal uit niks gemaak.
- Die proses van die skepping het ses dae geneem.
- Mense is op die sesde dag geskape.
- Daar is een perfekte God.
- Hy het die hemel en aarde en alles wat daarin is geskape.
- Die eerste twee mense was Adam en Eva. God het hulle van klei gemaak.
- God het sy gees in Adam geblaas en hy het tot lewe gekom.
- Hierdie mense het in die perfekte tuin van Eden gewoon.

**LET WEL**: Ander relevante antwoorde moet krediet kry. (8)

4.2 4.2.1 **Die respons van die onderstaande religieë oor Darwin se evolusie-teorie:**

**Christendom**

- In teenstelling daarmee is daar geen verband tussen tradisionele Christene en die evolusieleer nie.
- Tradisionele Christene aanvaar slegs dat God Adam en Eva geskep het, soos in die boek Genesis vertel word.
- Hulle redeneer dat daar geen bewyse in die geskiedenis is dat mense uit ape geëvolueer het nie.
- God het perfekte menslike wesens geskep en hulle die gesag gegee om oor die wêreld te heers en dit te bestuur.
- Daar is egter ŉ verband tussen die evolusieleer en liberale of progressiewe Christene.
- Hulle redeneer dat alles in die heelal deur God geskep is, en die proses van evolusie is ook deel van die Goddelike plan. (Daar word daarna as intelligente ontwerp verwys.)
- Hulle se God was verantwoordelik vir die Oerknal teorie.
- Die progressiewe Christene aanvaar die idee van geleidelike teïstiese evolusie, en voeg by dat die skeppingsmite as simbolies beskou moet word.
- Hulle erken dat daar enkele stadiums van skepping was wat evolusie behels het, soos verduidelik deur wetenskaplikes.

**LET WEL**: Ander relevante antwoorde moet krediet kry. (10)

4.2.2 **Hindoeïsme**

- Hindoes het geen probleem met evolusie nie omdat hulle glo dat die heelal op evolusie gebaseer is.
- Hindoes glo dat hulle ŉ meer gevorderde teorie van evolusie as die wetenskaplike teorie het.
- Hindoeïsme verskaf ŉ omvattende beskouing van evolusie, omdat dit nie beperk is tot die fisiese nie maar ook geestelike evolusie insluit.
- Hindoes glo dat jy oor beide jou geestelike en fisiese evolusie beheer het.
- Volgens Hindoeïsme, as jy ŉ goeie lewe lei, sal jy geleidelik evolueer (ontwikkel) deur baie wedergeboortes totdat jy geestelik gevorderd is.
- Retrogressie van die siel is ook moontlik.
- Terwyl Hindoeïsme nie ŉ probleem met Darwin se teorie het nie, is die hooffokus op geestelike evolusie/retrogressie.

**LET WEL**: Ander relevante antwoorde moet krediet kry. (10)

4.3 **Oerknalteorie**

- Die wetenskaplike verduideliking van die Skepping word die Oerknalteorie genoem.
- Volgens die Oerknalteorie is dit nie bekend wat voor die Oerknal bestaan het nie.
- Die Oerknalteorie stel dat daar ’n enorme ontploffing in die ruimte was en binne ’n sekonde het die heelal verskyn en tot ’n enorme grootte uitgebrei.
- Die Oerknalteorie stel dat die proses van die skepping binne ’n sekonde plaasgevind het.
- Volgens die wetenskaplike verduideliking het die Oerknal 13,7 miljard jaar gelede plaasgevind.
- Klein temperatuur-verskille het tot verskillende digthede van materie dwarsdeur die heelal gelei.
- Daardie digthede het bondels van materie en energie gevorm.
- Die bondels het voortgegaan om op ’n klonterige wyse saam te pak en ’n eindelose versameling sterre, die sterrestelsel, gevorm.
- Sommige sterrestelsels het in ’n kombinasie van sterre en planete gekondenseer.
- Wetenskaplikes glo dat die heelal op hierdie oomblik nog steeds uitbrei.
- Die wetenskaplike verduideliking maak geen melding van ’n Skepper nie.

**LET WEL**: Ander relevante antwoorde moet krediet kry. (12)

**[50]**

**VRAAG 5**

5.1 **Darwin se Evolusieteorie**

- Darwin se teorie van evolusie het ’n alternatiewe verduideliking van die skepping verskaf wat dikwels verskil van die Abrahamitiese godsdienstige verduideliking van die skepping.
- Die teorie het ook ’n verduideliking verskaf wat nie die idee van ’n intelligente ontwerper vereis het nie.
- Die teorie van evolusie verduidelik die ontwikkeling van lewe van ’n eenvoudige vorm tot ’n meer komplekse vorm.
- Die ontwikkeling sluit die evolusie van mens deur primitiewe stadiums na moderne mense in.
- Darwin se teorie bestaan uit vier idees:
    - Spesies bevat ’n groot verskeidenheid verskille.
    - Beide die wêreld en spesies het verander oor tyd.
    - In die oorlewingstryd sal beter aangepaste variasies bevoordeel word, terwyl die wat nie pas nie, sal sukkel om te oorleef.
    - ’n Spesies kan geleidelik van vorm verander en meer kompleks word deur op ’n pad van suksesvolle variasies te ontwikkel.
- Volgens Charles Darwin het mense van ape ontwikkel.

**LET WEL**: Ander relevante antwoorde moet krediet kry. (14)

5.2 5.2.1 **Nasionale Godsdiensleiersforum (NGLF) in Suid-Afrika**

- Dit bestaan uit leiers van verskeie religieë in Suid-Afrika.
- Dit dien as ŉ raadgewende en adviserende liggaam vir die president en hanteer religieuse sake.
- Dit is betrokke by die groot kwessies wat die Suid-Afrikaanse samelewing vandag in die gesig staar.
- Sommige voorbeelde is: Om die mishandeling van vroue en kinders (GBV) te stop.
- Om bewustheid van MIV/Vigs te versprei en diegene wat geraak en besmet is, te help.
- Om etiese en morele waardes te bevorder, om te help met die morele wedergeboorte in ons land.
- Om religie in onderwys te bevorder.
- Die werk van hierdie liggaam strek oor ŉ aantal kwessies kortom, die behoeftes wat in ons land ontstaan.

**LET WEL**: Ander relevante antwoorde moet krediet kry. (8)

5.2.2 **Die Intergeloofsaksie vir Vrede in Afrika (IFAPA)**

- Toegewyd om saam te werk vir vrede en eenheid in die vasteland.
- Om ŉ ordentlike lewe vir almal te verseker.
- Vestig en registreer nasionale hoofstukke.
- Dit sluit ook in opdrag van vergadering van godsdienstige leiers wat die IFAPA besluite neem.
- Om aan die Wêreldforum deel te neem.

**LET WEL**: Ander relevante antwoorde moet krediet kry. (8)

5.2.3 **Wêreldparlement van Religieë (WPR)**

- Die doel is om godsdienstige konflik en oorloë te stop.
- Om armoede te stop.
- Om die omgewing te beskerm.
- Om die regering te help om ŉ vennootskap met intergodsdienstige organisasies te ontwikkel.
- Om menslike ontwikkeling te bevorder.
- Om regverdige en vreedsame samelewings te bevorder.
- Om kwessies soos menseregte aan te spreek.

**LET WEL**: Ander relevante antwoorde moet krediet kry. (8)

5.3 **Die verhouding tussen religieë sedert die demokrasie in Suid-Afrika.**

- Die land het van ŉ Christenstaat na ŉ sekulêre staat verander.
- Daar is vrede, harmonie en samewerking tussen religieë in Suid-Afrika.
- Die handves van regte in die grondwet van RSA, 1996 (Wet 108) waarborg die vryheid van religieë.
- Die Wêreldkonferensie van Religieë vir Vrede in Suid-Afrika was in 1984 gestig, het verseker dat hierdie reg in die grondwet ingesluit is.
- Die Wêreldparlement van Godsdienste-konferensies is in 1999 in Kaapstad gehou.
- Godsdienstige leiers vir strukture van Verkiesingsgeregtigheid is in 1999 in Kaapstad gehou.
- Nasionale Forum vir Godsdienstige leiers is gevorm.
- Godsdiens en Onderwysbeleidsdokumente was in September 2003 gestig.
- Dus kan alle religieë in openbare skole en openbare uitsaaiers soos SABC uitgedruk word.
- En godsdienstige oordenkings en kulturele dokumentêre programme op radio en televisie weerspieël vandag Suid-Afrika se godsdienstige en kulturele diversiteit.

**LET WEL**: Ander relevante antwoorde moet krediet kry. (12)

**[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou